

My “bucket list” en God se wil!

Centurion 6 Aug 2017 Oggenddiens

Votum Ps 18:31,32 “Wat God doen is volmaak; wat die Here sê, is suiwer. Elkeen wat by Hom skuiling soek, beskerm Hy. Waarlik wie anders as die Here is God? Ja, wie anders as God is ‘n rots?’”

Benedictie Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon is, en van Jesus Christus die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde. Open 1:4,5

Lofsang

Sing: Ps 107-1:1,10

Geloofsbelydenis

Sing: Ps 89-1:2

Wet Mat 22:34-40

Sing: Ps. 119-1:6 (*vreugde in wet*)

Gebed

Skriflesing Jak 4:13-17

Sing met die oog op preek **Sing;** Ps. 103-1:9 (*gehoorsaam*)

Teksverse Jak 4:13-17

Preek **Gebed**

Kollekte

Sing: Ps 31-1:15,17 (*vreugde*)

Slotseën “Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.”

(Num 6:24-26 1933 vertaling)

Sing Sb 13-3

Bronne

Wiersbe WW 2001 The Bible Exposition Commentary. p.370-374

“**To kick the bucket** is an English idiom, considered a euphemistic, informal, or slang term meaning 'to die'. Its origin remains unclear, though there have been several theories.”
(<https://www.google.co.za/search?q=Bucket+kick&oq=Bucket+kick&aqs=chrome..69i57j0l5.11271j0j8&sourceid=chrome&ie=UTF-8>)

Bucket list | Define Bucket list at Dictionary.com

www.dictionary.com/browse/bucket-list

1. a **list** of things a person wants to achieve or experience, as before reaching a certain age or dying; a **bucket list** for a terminally ill patient; ... Origin of **bucket list**. 2005-2010. First recorded in 2005-10; from the idiom kick the **bucket** 'to die'

Kultuur historiese agtergrond van Jakobus.

(Byb. In Praktyk.1993. bl.1933)

Doel Om die gelowiges tot volharding onder beproewing en tot die praktiese uitlewing van hulle geloof aan te moedig. (Byb. In Praktyk. 1933)

(Byb. In Praktyk. 1933)

Skrywer: Waarskynlik die Jakobus wat Jesus se broer was en wat later in die gemeente in Jerusalem gedien het. (Byb. In Praktyk. 1933)

Geadresserdes: Eerste geslag Christene (waarskynlik meestal Joodse Christene) wat oral verspreid geraak het en buite Palestina gemeentes gevorm het. (Byb. In Praktyk. 1933)

Ontstaantyd Of kort voor Jakobus se dood in 62 n.C. of 49 n.C. voor die apostelsvergadering in Jerusalem. (Byb. In Praktyk. 1933)

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

Hierdie is vandag ’n gewilde en algemene term!

Op my “bucketlist” is die volgende 100 dinge wat ek wil doen voordat ek doodgaan.

Dit verskil natuurlik baie van mens tot mens, en word sekerlik bepaal deur jou sosiale omgewing, ekonomiese omgewing, gesondheid, groepsdruk en wêrelddruk.

As jy gaan “google” oor “bucket-list”, kry jy 28 miljoen treffeslae. (5 Aug 2017 in Google)

Hoe moet ons as christene oor die lewe dink, en veral oor ...
➤ wat ek wil, moet of gaan doen.

In ons teksverse is daar ’n baie duidelike opdrag oor hoe ons oor die lewe moet dink.

Ek onthou baie goed hoe het my pa altyd gesê:

Jak 4:15

“... As die Here wil en ons lewe, dan sal ons dit of dat doen.”

- 1 Wat is ons wil!**
- 2 Wat is God se wil!**
- 3 Wat wil God hê moet ons doen!**

1 Wat is ons wil!

Geliefdes, as ons vanmôre vir mekaar sou vra:
Wat wil jy graag in jou lewe doen of bereik?

Tieners wil matriek klaarmaak en gaan studeer en hulle bekwaam vir ’n beroep.

Jongmense sal moontlik nog drome hê van ’n goeie vaste werk, ’n goeie inkomste, ’n motorkoop, ’n huis koop, trou en kinders kry.

Middeljariges se visie verskuif na hulle kinders om die groot te kry en te laat leer en voor te berei vir die lewe.

Naby aftrede begin mense regmaak vir die dag as hulle nie meer werk nie, het hulle genoeg finansies en voorsorg om kummervry af te tree.

Bejaardes trek terug na kleiner huise, meenthuise, aftree-oorde.

Maar die meeste mense sal vir jou sê: Ek het nog ’n “bucketlist” wat ek wil of gaan doen.

Hoe moet ons oor al hierdie sake dink?

Jakobus skryf hier heel waarskynlik aan die mense met drome, besigheidsdrome, besittingsdrome wat nie in lyn met God se wil is nie.

Jakobus begin hierdie hoofstuk en skryf van drie “stryde” wat in elke mens is:

Jak 4:1a,11-12 Die stryd met mekaar.

Jak 4:1b-3 Die stryd met jouself.

Jak 4:4-10 Die stryd met God.

Hierdie stryd is omdat mense nie, opreg en eerlik, na God se wil vra nie.

Paulus het self hieroor 'n belydenis gedoen dat die goeie wat hy wil dit doen hy nie, maar die verkeerde wat hy nie wil nie, dit doen hy wel. Rom 7:15,19,21

Jakobus noem hierdie stryd die selfsugtige begeertes wat in ons elkeen woed.

Ons smag en soek na die verkryging van dinge.

Jakobus skryf van jaloesie, rusie, baklei onder mekaar.

Selfsugtige begeertes.

Daar is vier argumente wat duidelik vir ons uitwys hoe dwaas ons is as ons ons eie wil soek en doen, en die wil van God ignoreer.

- **Die kompleksiteit van die lewe. Jak 4:13**

“Kom nou, julle wat sê: Vandag of môre sal ons na dié en dié stad gaan en daar een jaar deurbring en handel drywe en wins maak—“

Dit is so dat die lewe bestaan uit oorlewing, vir sommige maklik en vir ander moeilik.

Dit gaan oor kos, klere, 'n dak oor jou kop en vervoer.

Die lewe gaan oor mense, plekke, aktiwiteite, doelstellings, maande, jare, dekades, 60,70,80 jaar.

Bsluite elke dag, soms verkeerde besluite en soms reg.

MAAR Hoe leef jy en Hoe besluit jy wat om te doen?

- **Die onsekerheid van die lewe. Jak 4:14a**

“Julle wat nie eers weet hoe julle lewe môre sal wees nie!”

Spr 27:1 “Moenie roem oor wat jy môre verwag nie; jy weet nie wat die dag sal oplewer nie.”

Om net uit jou eie te beplan, is doelloos.

Dink aan Luk 12:16-21 die boer wat groot skure gebou het en in selfvoldaanheid gedink het nou het hy alles vir baie jare. God het daardie nag alles van hom weggevat.

Vir ons is daar onsekerheid oor die toekoms, maar nie vir God nie.

God het elke haar van ons hoof getel.

God sorg, weet en het elke lewendag van ons bepaal.

- **Die kortstondigheid van die lewe. Jak 4:14b**

“Julle is maar 'n damp wat 'n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn.”

Vir ons is die lewe dalk lank, 60,70, 80 jaar.

Vir God is die lewe 'n oogwink 'n aempie.

Vir ons kan die lewe kortstondig en onseker wees, maar vir God is alles duidelik. Jos 1:8-9

Jos 1:8 “Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees.

Jos 1:9 Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan.”

Ps 1:1-3 “Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie,

2 maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink.

3 Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak. “

- **Die broosheid van die mens. Jak 4:16**

Die mens kan nie die toekoms bepaal nie of is in beheer van die toekoms nie.

Die mens het nie die wysheid om die in die toekoms te kan sien of die krag of mag of gesag om dit te beheer of te bepaal nie.

Om jou daarop te wil beroem is om God te wil speel.

2 Wat is God se wil!

God se geopenbaarde wil en sy verborge wil.

God se verborge wil	besluitende wil
God se geopenbaarde wil	bevelende wil

“Ons onderskei tussen die verborge en geopenbaarde wil van God, maar kan hulle nooit skei nie, omdat hulle een is. (Feenstra. 1981:45-47)

Soms skyn dit asof hulle biede met mekaar in stryd is, maar dan is dit ook maar net skynbaar. (Feenstra. 1981:45-47)

Abraham moet sy seun Isak offer, dit is die geopenbaarde wil van God, maar sy verborge wil was dat Hy 'n ram in die plek van Isak gegee het. (Feenstra. 1981:45-47)

'n Katrol het blykbaar twee toue, maar dit is net een tou As jy 'n katrol bo in die dak het en deur 'n gat in die plafon is daar die twee toue wat uitkom. Dan lyk dit na twee toue maar dit is een tou oor 'n katrol. (Feenstra. 1981:45-47)

So is God se verborge en geopenbaar wil een wil, God se volmaakte wil.” (Feenstra. 1981:45-47)

Dit is wanneer 'n christen biddend na God se wil vra...

Dit is wanneer 'n christen opstaan en bid, deur die dag bid, en vanaand bid en met God lewe dat die lewe begin sin maak.

Ons moet vra: Wat is God se wil.

God se wil is nie net 'n belydenis van die lippe nie.

Jesus Christus het self gesê aan die dissipels: **Joh 4:34**

“**Maar Jesus het vir hulle gesê: “My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om sy werk te voltooi. “**

God se wil moet konstant elke dag, elke oomblik in ons harte wees.

Paulus het voortdurend gebid en gevra of al sy aksies God se wil is. Rom 1:10

Paulus skryf dat hy graag na Rome toe wil gaan op sy deurreis na Spanje, maar hy bid en vra of dit ook God se wil is. Rom 15:22-33

God se wil is nie 'n ketting wat ons hiet en gebied en die lewe vir ons moeilik maak nie, God se wil is 'n sleutel wat deure oopmaak en ons vrymaak om met vrymoedigheid te doen wat God wil en wat vir ons goed is.

Voorbeeld

Ons kan ons lewe met 'n vliegtuig vergelyk.
Ingenieurs het 'n vliegtuig ontwerp en gebou om te kan vlieg.
As die loodse die vliegtuig vlieg volgens die reëls en spesifikasies dan vlieg hulle veilig en kom veilig by hulle bstemming aan.
Maar as die loods maak soos wat hy wil en nie die reëls van vlieg volg nie, kan dit gepaar gaan met lewensverlies, baie onkoste en hartseer en sal die vliegtuig nie sy eindbestemming bereik nie.
So moet ons as mense voortdurend vra na die wil van God uit sy Woord.

Geliefdes en nie twee mense se lewens is dieselfde nie.
God het elkeen van ons uniek geskape met unieke persoonlikhede en gawes en talente.
Die een is 'n sportman en die ander nie.
Een is akademis en 'n ander nie.
Een is sosiaal en ander nie.
Een hou van reis en 'n ander van lees of sport of watookal.

Maar vra jy biddend elke dag wat is God se wil met jou lewe.
Of dwing jy jou wil op ander af.

Dwing jy jou wil of jou siening op mense rondom jou af en as dit nie so werk nie, dan verskeur jy die ander een.

Nee God het elkeen van ons uniek geskape.
Vra dan wat jy wil doen of hê vir God.
Maak seker dat dit is in lyn met wat God wil.

God verwag nie van ons wat ons nie is nie.
God verwag nie van ons wat ons nie kan doen nie.
God gee aan elkeen gawes om die lewe voluit te leef, maar altyd volgens sy wil.

3 Wat wil God hê moet ons doen!

1 Tess 5:16-18

16 “Wees altyd bly.

17 Bid gedurig.

18 Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag.”

God wil hê dat ons ons in Hom moet verbly, moet bid en hom moet dank.
Ons moet die regte gesindheid teenoor God se wil hê.
God se wil is nie hard en onpersoonlik en onbereikbaar of onuitvoerbaar nie.
As ons nie God se wil soek nie, kan ons nie volgens sy wil lewe nie.

- **Die wil van God is 'n lewende verhouding tussen God en sy kinders, jou as gelowige.**

Die wil van God is nie koud en klinies 'n wet nie.

Die wil van God is 'n lewende verhouding waarin jy groei met alles wat jy doen tot eer van God.

Geliefdes 'n baie belangrike saak.

Die gelowige se verhouding met God om sy wil te doen is 'n groeiende saak in jou lewe.

Dit is nie 'n saak wat jy eenmaal gehor het wat God se wil is en nou moet jy dit slaafs navolg nie.

God se wil is 'n groeiende saak in jou lewe.

Dit is om biddend te vra wat God wil en jou daagliks te bekeer en te doen wat God vra.

Ons kan vyf sake onderskei oor God se wil”

- **Ons moet God se wil ken.**

God se wil is nie moeilik om te ken nie as ons biddend die Bybel lees en gehoorsaam is aan God se Woord. God openbaar nie sy wil aan die roekeloses en die nuuskieriges nie, maar aan die wat nederig opreg daarna vra en daaraan gehoorsaam wil wees.

- **Ons moet vol word van die kennis en wil van God.**

Dit help nie om te weet wat God se wil is nie, maar ons moet dit leef.

Kol 1:9,10 “9 Daarom, van die dag af dat ons van julle gehoor het, hou ons ook nie op om vir julle te bid nie. Ons vra God dat Hy deur al die wysheid en insig wat die Gees

gee, julle sy wil duidelik sal laat ken,

10 sodat julle tot eer van die Here sal lewe deur net te doen wat Hy verlang. Mag julle vrugte dra deur goeie werke en toeneem in die kennis van God.

11 Mag God deur sy wonderbare krag julle alle sterkte gee om in alle omstandighede geduldig te volhard.

12 Met blydschap moet julle die Vader dank wat julle geskik gemaak het om deel te hê aan die erfenis wat vir die gelowiges wag in die ryk van die lig.”

- **Ons moet God se wil verstaan.**

Ef 5:16,17 “Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd.

17) Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen.”

- **Ons moet God se wil in ons lewens uitvoer.**

Geliefdes moet nie dink en tob en filosofer oor wat God se wil is nie. Begin by die eenvoudige en God sal elke dag vir jou byvoeg wat sy wil is. Elke dag bring uitdagings en besluit. Elke dag moet jy besluit wat is God se wil.

- **Ons moet van harte God se wil doen.**

Ef 6:6 “Moenie net werk om deur julle eienaars raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie; werk soos slawe van Christus wat van harte die wil van God doen.”

Ten Slotte

Die geheim van 'n gelukkige lewe is om jou te verheug om as kind van God sy wil te doen om gehoorsaam te wees.
Wanneer plig plesier raak, dan word laste seëninge.

Hoor wat sê die Psalmdigter in Ps 119:54-56

“U voorskrifte is vir my ’n lied in my lewe hier op aarde.
Selfs in die nag dink ek aan U, Here, en is ek gehoorsaam aan U wet.
Om U vevele uit te voer is vir my die lewe.”

Daarom....

- ‘n “Bucket-list” is nie verkeerd nie, maar het jy God gevra of dit reg is.
- Beplan jy elke dag met die woorde: “As die Here wil en ek lewe sal ek dit of dat doen!”?
- Doen jy wat jy moet doen van harte en met vreugde?

Kom ons dien van harte die Here in alles wat ons dink en doen.
Kom ons sê altyd:

“As die Here wil en ons lewe, sal ons dit of dat doen.”

Amen